

# Gebedskalender vir Mei 2020

- 1** Programuitsendings vanaf TWR se stasies in Afrika bring hoop vir die soekers, bemoediging vir nuwe gelowiges en lering vir Christen luisteraars. Vra die Here om die Media-dienste Afdeling in staat te stel om in meer tale uit te saai.
- 2** Bid asseblief vir die TWR-Afrika Media-dienste Afdeling wat programme, skedulering en uitsendings bestuur en koördineer.
- 3** Vandag verjaar Petros Gwala. Mag die Here hom bemoedig in sy rol as leier van die Zoeloe-bediening.
- 4** Lorraine Stavropoulos verjaar vandag. Sy dien die Here saam met haar man, Steve, in Eswatini. Bid dat die Here beide sal versterk en vreugde verskaf in hulle toewyding aan God.
- 5** Bid vir wysheid, krag en goeie gesondheid vir die Afrika Media-dienstespan terwyl hulle ywerig werk aan die opstel en opvolging van produksie, fakturering van programme, koördinerende van Intellektuele Eiendomsregte, verslaggewing en uitsaaiskedis, en die ontwikkeling en koördinerende van mediavennote.
- 6** Bid dat God aan Juliet Oppong-Amoako, TWR Afrika Media-dienste Direkteur, wysheid sal gee om haar span te bestuur.
- 7** Bid asseblief saam vir vertalers van die *Thru the Bible* program asook vir diegene wat sorg dat programme uitgesaai word vanaf ons senders.
- 8** Bid asseblief vir die samestelling van spanne vir vervaardiging van nuwe programme in verskeie Afrika lande. Ons bid dat die spanne doeltreffend sal saamwerk om die programme betyds gereed te hê vir uitsending.
- 9** Bid asseblief vir ons TWR-Afrika samestellers wat na programme luister om te verseker dat die inhoud, klankgehalte en lengte van programme voldoen aan die nodige vereistes en uitsaaieregulasies.
- 10** Vra vir goddelike wysheid in die besluitneming oor nuwe TWR programme vir uitsending.
- 11** Bid vir die *Christ to the World 2020* produksies dwarsoor Afrika. Bid vir wysheid met die keuse van akteurs vir hierdie bybelse radiodrama.
- 12** Dank God vir *The Word Today* wat nou in meer Afrika-tale uitgesaai word. Bid dat luisteraars wat vir die eerste keer die Goeie Nuus hoor in hulle eie taal, se lewens aangeraak sal word.
- 13** Vra God se guns op die verspreiding van die *Knowing God* dramareeks in Subaland, Noord Tanzanië. Bid dat lewens aangeraak en deur die Heilige Gees verander sal word.
- 14** Meer FM-stasies dwarsoor Afrika saai TWR-Afrika programme uit. Bid dat luisteraars van *Living Word for Africa* (die Afrika-Engelse weergawe van Dr J Vernon McGee se *Thru the Bible* program) sal groei in kennis van God se Woord en in hulle verhouding met God.
- 15** Vandag bid ons vir die radio uitsendings na Nigerië, dat die luistertal sal groei en meer siele Jesus sal vind.
- 16** Laat ons aanhou bid dat God Homself sal openbaar aan luisteraars in Afrika deur middel van ons uitsendings.
- 17** Lyn Burnett verjaar vandag. Sy verteenwoordig die TWR Women of Hope bediening in die Oos-Kaap. Vra die Here om haar ryklik te seën met blydschap in die nuwe lewensjaar.
- 18** Bid vir God se beskerming en veiligheid van TWR-vennote in Afrika en hul gesinne, wat soms onder moeilike omstandighede werk en teestand ervaar.
- 19** Bid asseblief dat God transkrip-vertalers en vervaardigers van TWR-Afrika programme sal seën en guns bewys, sodat hulle kan voortgaan om effektief te dien in die uitbreiding van die Koningryk van God.
- 20** Vra die Here om aan produksiespanne die nodige ywer, krag en hulpbronne te voorsien in die uitvoering van hulle taak.
- 21** Bid vir vennoot-/produksiespanne in Afrika wat probleme ervaar soos beperkte kragtoevoer, Internetonderbrekings, onvoldoende of verouderde toerusting ens.
- 22** Bid vir die TWR-bedieningspan in Afrika wat die verkryging, bestuur en verwerking behartig van inligting wat nodig is vir die organisasie om nuwe programme op te stel en sy missie uit te voer.
- 23** Bid asseblief vir ons vennote in Angola, Zimbabwe en Mosambiek wat die bediening voortsit te midde van onderbefondsing en verouderde tegnologie en Internetstelsels.
- 24** Bid dat TWR-Afrika-projekte wat vir goedkeuring voorgelê is, aanvaar sal word.
- 25** Bid asseblief vir skeduleveranderinge wat gedurende die jaar plaasvind en dat die koördinerende van aktiwiteite wat verband hou met die skeduleveranderinge vlot verloop.
- 26** Bid vir die TWR-Afrika Media-dienste Afdeling wat sorg dat alle programme effektief en betyds uitgesaai word.
- 27** Vra die Here om die TWR-Afrika Media-dienste Afdeling te lei in die bestuur van hulpbronne, tyd en vaardighede.
- 28** Bid dat God sal voorsien in die behoeftes en groei van die bediening in Afrika om die Goeie Nuus van Jesus Christus suksesvol te versprei.
- 29** Bid vir krag en wysheid vir die TWR-Afrika Media-dienste Afdeling terwyl hulle voortgaan om programme in meer tale beskikbaar te stel aan luisteraarsgroepe in Afrika. Bid dat baie luisteraars die TWR-mediaplatforms sal ontdek en gebruik.
- 30** Ons dank God vir die uitbreiding van TWR se bediening en bid dat vaardige werkers sal reageer op die roeping van God om by die Media-dienste span aan te sluit.
- 31** Ons bid vir befondsing vir elke streek in Afrika om die bediening in die onderskeie streke uit te brei sodat meer boodskap mense met behoefte aan hoop kan bereik.